

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstreek van die kerse

Woorddiens

Tema: Bewus, onbewus en onderbewus!

Skriflesing 1: Johannes 1:43-51 (1953)

⁴³ En hy het hom na Jesus gelei. Toe kyk Jesus hom aan en sê: Jy is Simon, die seun van Jona; jy sal genoem word Céfás, wat vertaal word Petrus.

⁴⁴ Die volgende dag wou Jesus na Galiléa vertrek; en Hy het Filippus gekry en vir hom gesê: Volg My.

⁴⁵ En Filippus was van Betsáida, uit die stad van Andréas en Petrus.

⁴⁶ Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Jesus, die seun van Josef van Násaret.

⁴⁷ En Natánael sê vir hom: Kan daar uit Násaret iets goeds wees? Filippus antwoord hom: Kom kyk.

⁴⁸ Daarop sien Jesus Natánael na Hom toe kom en sê van hom: Hier is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie.

⁴⁹ Natánael sê vir Hom: Waarvandaan ken U my? Jesus antwoord en sê vir hom: Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien.

⁵⁰ Natánael antwoord en sê vir Hom: Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!

⁵¹ Jesus antwoord en sê vir hom: Glo jy omdat Ek vir jou gesê het: Ek het jou onder die vyeboom gesien? Jy sal groter dinge sien as dit.

Skriflesing 2: 1 Samuel 3:1-10

Broodjies vir die pad

Hierdie woorde, 'n nederige gebed dat die barbarisme nie hoop ook sal vermoor nie

ek getuig

ek getuig net Hy wie se hart bewe van liefde vir sy medebroermense sal 'n mens kan wees net Hy wat vuriglik méér vir hulle as vir homself wil hê vryheid, vrede, waardigheid net Hy wat Lewe as heiliger beskou dan sy geloof en sy gode ek getuig slegs Hy wat onverpoosd die Haat in hom en om hom bestry sal mens kan wees slegs Hy wat hom afvra wanneer sy oë oopgaan op die môre

wat gaan ek vandag doén om te sorg ek behou my waarde en trots as mens?

(Uit Frans vertaal deur Breyten Breytenbach)

Ce texte, une humble prière pour que la barbarie ne tue pas jusqu'à l'espoir

J'atteste

J'atteste qu'il n'y a d'Être humain que Celui dont le cœur tremble d'amour pour tous ses frères en humanité Celui qui désire ardemment plus pour eux que pour lui-même liberté, paix, dignité Celui qui considère que la Vie est encore plus sacrée que ses croyances et ses divinités J'atteste qu'il n'y a d'Être humain que Celui qui combat sans relâche la Haine en lui et autour de lui Celui qui dès qu'il ouvre les yeux au matin se pose la question : Que vais-je faire aujourd'hui pour ne pas perdre ma qualité et ma fierté d'être homme ?

Abdellatif Laâbi
10 janvier 2015

<http://versindaba.co.za/2015/01/14/abdellatif-laabi-jatteste-vertaling-deur-breyten-breytenbach>



God “speaks” and Samuel pauses to listen and then respond. Our attentiveness to God heightens God’s presence in our lives, the intensity of divine energies, and the depth of divine possibilities. Samuel’s encounter with God reminds us that each moment can be an epiphany, a revealing of God’s vision, often hidden by the busyness of our lives. We need simply to pause and notice, and open the door to God’s vision.

[...]

John 1 presents one photograph of the calling of the disciples. Jesus astounds Nathanael by his intimate knowledge of his activities. Both Philip and Nathanael decide to leave their comfort zones and “follow” Jesus. The very act of following ushers them into a new and amazing world. Attending to God’s vision enhances God’s movements in our lives and makes it possible for Nathanael and Philip to see “heaven opened up and the angels ascending and descending on the Son of Man.”

Today’s lectionary reminds us to affirm the universality of divine revelation. Divine “universality” invites us to experience God in expected and unexpected places and be prepared to bring our experiences to the world in life-changing ways.

<http://processandfaith.org/resources/lectionary-commentary/yearb/2015-01-18/second-sunday-after-epiphany>



Verliese wat bly roep om gehoor te word

Wilhelm Jordaan

By die lees van Khaled Hosseini se meesleurende verhaal *And the Mountains Echoed* (2013) tel 'n mens nie die nag se ure en die omblaai nie, maar jy stop gereeld: om tot verhaal te kom . . .

En opnuut te verstaan hoe politieke onrus, ideologiese verknegting, armoede en oorloë (in dié geval in Afganistan) mense dwing om pynlike, onmenslike besluite te neem wat families uiteen skeur en geslagte lank 'n nawerking het wat hul lewensloop en -uitkyk grondig aantass.

Hosseini se roman is een van baie letterkundige werke wat gemoeid is met die herverbeelding en oopskryf van hoe sulke toedragte 'n volk, 'n gesin en enkelinge leed aandoen.

Sommige reken sulke herbelewenisse is onnodig. Begrawe die verlede en gaan aan met die lewe, word gesê. Wie so glo, begryp nie die mens se geheue nie.

Die karakter Pari in Hosseini se roman is in 1952 as driejarige in Afganistan aan 'n skatryk kinderlose egpaar verkoop en het só van haar liefingbroer, Abdullah, geskei geraak en algaande van hom vergeet. Jare later en ver weg van haar geboorteland worstel sy met 'n vae vermoede dat iets kosbaars van haar weggenem is. Dit laat haar verlore voel:

“ . . . as if she were wandering through a desert at night, surrounded by darkness and the unknown, the truth elusive, like a single

tiny glint of light in the distance flickering on and off, forever moving, receding . . . What Pari always wanted was the glue to bond together her loose, disjointed scraps of memory, to turn them into some sort of cohesive narrative.”

Sulke en ander soorte verliese in 'n mens en in 'n volk se lewe bly roep om gehoor en gekonfronteer te word. 'n Mens is nie net wat jy onthou nie, maar ook wat jy vergeet het en wat ander jou wil laat vergeet. Eers wanneer dít in die oopte kom, is daar genesende insigte.

Hosseini se roman teken dit aan, soos Bernhard Schlink se Holocaust-roman, *The Reader* (“Der Vorleser”), ook maak.

Albei romans vertel verhale van skrikwekkende besluite; menslike vervlegtheid; stories oor enkelinge se versuim en klein wreedhede teenoor mekaar; die onverwoordbare dinge wat meebring dat een mens skaam en angstig van 'n ander wegvlug.

Fiksie wat verbeeldingsreise ver verby die amptelike geskiedenis voer, hou 'n ander

spieël aan ons voor. Dit help 'n mens om die geskiedenis met nuwe oë te bekyk en oorlog se onmenslikheid opnuut te begryp.

Nie as selfkastyding nie, maar as herinnering aan argeloosheid, dwaasheid, selfsug,

geklikheid en boosheid – juis wanneer magshebbers mense manipulerend op sleeptou neem.

Die talle, steeds opwellende stories oor ons eie mensonterende “Bosoorlog” (soos Jeanette Ferreira se versameling *Grensoorlogstories* in 2012) hou ook so 'n spieël voor waarin ons opnuut die impulse tot genesing kan vind – deur die terapie van die verbeeldingryke woord.

<http://www.netwerk24.com/stemme/2014-05-13-verliese-wat-bly-roep-om-gehoor-te-word>

Brood vir die pad

‘Everything is awesome’, as ons begryp wat ons sê

Dirkie Smit

Ons luister na 'n preek, 'n góéie een. Van 'n Amerikaner, wat tipies Presbiteriaans moeite doen met uitleg, met inhoud, met oordrag.

Aangrypend. Dit handel oor die verhaal van Josef (Gen. 28) wat op vlug voor sy broer oornag op 'n vreemde plek, sy kop sommer op 'n klip, en dan droom van engele op 'n leer vanaf die hemel – 'n meesleurende, diepsinnige verhaal wat deur eeue skrywers, kuns-tenaars, skilders sou boei. Dié oggend bedink hy die merkwaardige wyse – daarvoor moet 'n mens die Hebreus kan waardeer – waarop die storie “plek”, “hierdie plek”, “dié plek” beklemtoon, deur herhaling. Tot in vers 17, waaroor hy praat. Toe Jakob wakker skrik sê hy – op sy Amerikaans – dié plek is awesome, en hy wis dit al die tyd nie!

Dis asof die hoofstuk wil suggereer – soos die preek – dat daar plekke is waarvan ons nie vooraf besef hoe awesome hulle eintlik is nie. Trouens, enige plek, hoe onopvallend ook al, hoe onwaarskynlik, gewoon, alledaags, onaansienlik – mag skielik awesome blyk te wees. Ons mag dit ver wag, oral, altyd, ons oë beter oop wees vir sulke awesome ervarings, oomblikke, ontmoetings. Byna soos die trefferlied in verlede jaar se Lego-film, “Everything Is Awesome”.

Wat my 'n bietjie verwonderd laat. Want in hedendaagse Amerikaans beteken awesome iets soos wonderbaar, uitstekend, baie goed. Dit kom wel van indrukwekkend, imposant, asemrowend, ontsag-wekkend, maar is vandag eintlik nog net wonderlik, soos in góed en gááf en cool. Maar waarom sê Jakob dan al die jare op Afrikaans dié plek is skrikwekkend, vreeslik, vreesaanjaend? Waarom word die Hebreuse nowra elders vertaal met ontsag (Eks. 34:10), ontsag-wekkend (Job 27:22), sidder (Ps. 76:8, 13) of vrees (Jes. 18:7)? Is sy Engels dan nie ook terrible nie, horrible, frightful, dreadful? En verál, waarom begin dié vers dan met Jakob wat bang is as hy ontwaak? Hoe is everything awesome as dit hom só bang laat?

Wat weer herinner aan Rudolf Otto, wat omtrent 'n eeu gelede 'n opspraakwekkende boek skryf, wat die dekades ná hom diepgaande beïnvloed. In *Das Heilige* sê hy dat wat heilig is 'n dubbele uitwerking op ons het, tegelykertyd. Dit trek ons nader én skrik ons af, laat ons sidder én bekoor ons. Respek, ontsag, eerbied is vrees in dié sin dat ons tog nie dit wat heilig is wil skend of minag nie. Soos met álles wat ons heilig ag – babas, menselewe, ons naaste, die integriteit van elke persoon, die skepping, skoonheid, lewe self, kortom, álles waarvoor ons deesdae verwonderd staan. Ons heimlike vrees is dat ons dié inherente waarde – dalk onbewus en onbedoeld – mag miskyk en minag. Voor heiligheid, sê hy, voel ons vol bewondering én vol huiwering, tegelyk. Verwonderd én versigtig. Ons wil aanraak, maar tog nie beseer of beskadig nie. Só beskou mag elke onopvallende oomblik, toevallige ontmoeting, eenvoudige plek inderdáád heiliger wees as ons kon droom. Kósbaarder, maar ook broser, bréékbaarder, vlugtiger, vlietender. Everything is awesome, ja, as ons net begryp wat ons eintlik sê.

<http://www.netwerk24.com/stemme/2015-01-10-everything-is-awesome-as-ons-begryp-wat-ons-sê>

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877